**I.M.S.**
**Vol. 1 No. 23**

UNIVERSITEITSBIBLIOTEEK
UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH
24 NOV 1961
UNIVERSITY OF STELLENBOSCH
UNIVERSITY LIBRARY

**MUNISIPALITEIT** **MUNICIPALITY**

**STELLENBOSCH**

Burgemeesterskantoor,
21 Julie 1961

**MUNISIPALE KIESERSLYS**

Verlede week het 'n gebeurtenis wat van meer as verbygaande belang vir ons munisipale kiesers is, plaasgevind. Die jaarlikse Hersieningshof het nl. vergader om aansoeke vir plasing op die kieserslys te oorweeg en terselfdertyd die name van persone wat nie meer aan die vereiste kwalifikasies voldoen nie, van die lys te verwyder. Altesame 175 nuwe name is opgeneem terwyl 207 geskrap is. Daar moet op gelet word dat dit die plig van elke belastingbetaler is, en nie van die Stadsraad nie, om toe te sien dat sy of haar naam op die lys verskyn.

**PHILLIMORE IVES-VERSAMELING VAN SKILDERYE**

Soos reeds in die dagblaaie vermeld is, is die Raad in kennis gestel dat die erfgename van die oorspronklike skenkers van die versameling begerig is dat die skilderye aan hulle teruggegee moet word, ooreenkomstig 'n klousule in die skenkingsakte. Van hierdie mededeling het die Raad op sy jongste vergadering kennis geneem, maar verdere bespreking is uitgestel totdat Raadslid Osler, Voorsitter van die Museumskomitee teen die einde van die maand terug is van sy oorsese reis.

**ONS NASIONALE MONUMENTE**

Op 'n wenk van prof. D. J. Kotzè, lid van die Nasionale Monumentekommissie, het die Raad besluit om sy hulp te verleen met die opstel van 'n reeks artikels oor die nasionale monumente van ons dorp en distrik. Aanvanklik sal die reeks in Eikestadnuus verskyn maar daar word gehoop om hulle later in 'n keurige brosjure vir 'n wyer publiek beskikbaar te stel. Prof. Kotzè en mnr. W. Blersch sal verantwoordelik wees vir die werk.

**VIERING VAN 300-JARIGE BESTAAN VAN STELLENBOSCH**

Daar is reeds tevore berig dat die Raad dit wenslik ag om vroeg voorbereidings te begin tref vir hierdie groot mylpaal

in die geskiedenis van ons dorp. Daar is dan ook op die jongste vergadering van die Raad besluit om 'n spesiale komitee vir die doel te benoem en om die volgende persone uit te nooi om saam met die lede van die Museumskomitee van die Stadsraad, daarop te dien, nl. dr. Anna Smith, prof. D. J. Kotzè, dr. A. M. Hugo, mnr. J. v. d. Byl, dr. Mary Cook en mnr. Arnaud Malan.

Daar word verwag dat die Komitee die hele aangeleentheid in oënskou sal neem en aan die Raad 'n aanduiding sal gee van wat nou reeds ter voorbereiding van die viering gedoen kan word.

**VOEDINGSKEMA VIR DAGLONERS**

Daar is 'n begin gemaak met die skema om aan elke dagloner 'n beker sop soggens te verskaf. Ons amptenare rapporteer dat die goeie uitwerking van die onderneming reeds waargeneem kan word.

**LANDSDIENSKAMP**

Die Raad het besluit om weer die terrein in Jonkershoek wat verlede jaar gebruik is, beskikbaar te stel vir hierdie jaar se kamp wat van 23 tot 30 September gehou sal word.

**PUBLISITEIT**

Raadslid Jannie de Wet sal die Stadsraad verteenwoordig op die kongres van die Wes-Kaaplandse Publisiteitsvereniging wat op 16 Augustus te Robertson gehou word. Dit is verblydend om te sien dat Wes-Kaapland nou stadigaan ook publisiteitsbewus word. Ons verneem dat die vereniging aan 'n paar interessante projekte werk.

**WAARSKUWING!**

Ons ontvang van tyd tot tyd klagtes dat daar binne die munisipale gebied met windbukse en ook met vuurwapens geskiet word. Ek moet daarop wys dat enige persoon wat hom hieraan skuldig maak die munisipale regulasies oortree en beslis vervolg sal word.

**TOEDIENING VAN POLIO-ENTSTOF**

Die tweede deel van die immunisasieveldtog is vir die tydperk van 25 Julie tot 5 Augustus gereël. Dieselfde program wat by die eerste toediening gevolg is, sal afgehandel word en die entstof sal weer by die Stadsaal beskikbaar wees.

---

28th July, 1961.

**THE SECOND ANTI POLIO CAMPAIGN**

The second Anti Polio Campaign is in full swing at the Town Hall where the oral vaccine can be daily received from 9 a.m. to 7 p.m. up to Saturday the 5th of August. On Saturdays the hours will be from 9 a.m. to 12 a.m.

## BOTMASKOP NATURE RESERVE

Negotiations with the Provincial Administration are still continuing in regard to the establishment of this nature reserve to which reference has been made in previous issues of "Eikestadnuus".

The Council was informed recently that in order to qualify for a provincial subsidy an Advisory Committee has to be appointed to deal with matters concerning the proposed nature reserve. A Committee consisting of the Mayor, Clr. Dr. Erika Theron, Dr. D. Hay and Prof. C. L. Wicht has accordingly been appointed. Additional members can be co-opted, if necessary.

## MUNICIPAL CARAVAN CAMP

The Council has often been requested to consider the practicability of establishing such a camp in or near Stellenbosch, more or less along the lines on which other towns, as for instance Gordon's Bay, have done it. Apart from being a potential source of income to a town, such camps seem to meet a much felt need, especially during the holiday months.

An amount of R1,000 was provided on the estimates of 1961 for a project of this nature and a sub-committee consisting of Clrs. C. M. Booysen, J. H. de Wet and C. F. D. Smit are at present busy working out the necessary details. The choice of the best possible site needs special care and consideration.

## SPORTS GROUNDS IN IDAS VALLEY

It is always a pleasure to me to observe the good relationship which exists between the Idas Valley Board of Control and the Council. The Board handles its affairs efficiently and keeps a careful check on its finances.

The Council recently decided to assist in the construction of a netball field on the existing sports grounds. The Board of Control provides the money, but the actual work will be done by the Municipality.

## CLEANSING SERVICES: PICNIC SITES

Up to the present it has not been possible to provide essential services at the increasingly popular Louwshoogte picnic site as has been done at the Jonkershoek picnic site, although some rubbish bins have been provided. The matter will have to be considered in connection with the estimates for the following year. In the meantime, however, the Health Department has been asked to do the necessary to keep the site as clean and tidy as possible.

## A MISUNDERSTANDING

A statement I made some time ago to the effect that the Idas Valley dam has already been filled and that sludging

operations can be carried out without fear that the dam might not fill up again, has been misunderstood in certain quarters. I would like to make it quite clear that the withdrawal of a certain amount of sediment or sludge which occurs in any open dam has nothing whatsoever to do with the silting up of the dam which naturally would be a serious matter. No silting up of the dam has taken place. Even municipal water pipes have valves which are opened from time to time so that the pipes can be well scoured by a strong rush of water.

**IDENTIFICATION OF TOWNS FROM THE AIR**

The Association of Chambers of Commerce suggests that the names of towns be marked on permanent features near the towns for air identification purposes as such identification would serve as a valuable navigational aid and would also give some publicity to towns. The Council feels that no objection should be raised in principle and has asked the officials concerned to suggest a suitable site for further consideration.

**THE BURGERHUIS**

According to press reports the Burgerhuis has been declared a national monument.

---

4 Augustus 1961.

**REINIGINGSWERKE**

Die publiek is bewus daarvan dat daar groot uitbreidings aan ons rioolstelsel gemaak word nadat 'n lening vir dié doel reeds tevore goedgekeur is.

Volgens 'n verslag wat by die laaste vergadering van die Raad voorgelê is, vorder die werk goed en is belangrike dele van die hele uitbreidingsprogram reeds voltooi. So byvoorbeeld is die damme waarin die gereinigde water opgegaar word, klaar, die betonwerk van die addisionele filters is afgehandel en die kantoor- en laboratoriumgebou voltooi.

Die hoofrioolpyp is reeds tot anderkant die Adam Tasbrug gelê maar die werk daar is tydelik gestaak omdat die uitgrawings baie diep sal moet wees en dit groot gevare inhou vir die werksmense gedurende die nat wintermaande.

**STADSAALDAK**

Dit het nodig geword om die koperdak oor die hoofingang deur 'n nuwe te vervang. Die ou koperplate het, nadat hulle 'n aansienlike aantal jare wind en weer trotseer het, tekens begin toon dat hulle die einde van hulle bruikbaarheid bereik het. Na sorgvuldige oorweging is besluit dat dit nie sal baat om lapwerk te doen nie en tenders is gevra vir die vervanging van die koperdakbedekking. Die werk sal R1,086 kos en dit sal volgens spesifikasies gedoen word wat deur die vervaardigers van koperplate opgestel is.

## KERKHOF-UITBREIDINGS

Dit is algemeen bekend dat daar in die nabye toekoms belangrike uitbreidings aan die kerkhof gemaak sal moet word. Op een stadium 'n paar jaar gelede is daar gedink aan die aanlê van 'n nuwe kerkhof elders, maar daarvan is nou afgesien en die Raad dink daaraan om die bestaande een te vergroot.

Saam met die voorgestelde uitbreidings hang ook saam die kwessie van die toekomstige beheer oor die kerkhof. Tans is die posisie dat elke kerkgenootskap beheer oor 'n deel van die kerkhof het, maar daar is sommige kerke wat sterk daarvoor voel dat die Raad volle beheer oor die kerkhof moet aanvaar. Die Raad beskik oor die menings van die verskillende kerke en dit sal as basis dien wanneer die hele aangeleentheid op die volgende vergadering bespreek word.

## VERGADERING VAN VERENIGDE MUNISIPALE BESTUUR

Hierdie week vind 'n vergadering van dié liggaam te Pretoria plaas. Alvier provinsies sal verteenwoordig wees en 'n verskeidenheid van aangeleenthede van plaaslike aard sal bespreek word. Die Burgemeester, vergesel van die Stadsklerk, sal die vergadering as Kaaplandse afgevaardigde bywoon. By 'n later geleentheid sal ek hopelik een en ander oor die verrigtinge meedeel.

---

11th August, 1961.

## PERSONAL

The Council was glad to welcome Councillor George Osler back after his return from overseas. He and Mrs. Osler have, I believe, had a very interesting and enjoyable trip.

Mr. P. S. Pietersen, who succeeds Mr. J. L. Bosch as the Manager of Bantu Affairs, was in attendance at a meeting of the Council for the first time. He was previously in the service of the Municipality of Uitenhage and I hope that he will soon feel at home both in his particular sphere and in our town.

It is with much regret that I learned on my return from Pretoria, where I attended a meeting of the United Municipal Executive, of the irreparable loss suffered by Councillor C. L. de Jongh by the death of his brother. Council extends its sincere sympathy to Mr. and Mrs. De Jongh.

## POLIO IMMUNISATION CAMPAIGN

The Chief Health Inspector has submitted returns of the attendance at the first two courses of the campaign. Unfortunately the attendance has not increased, but rather the

opposite, and it is with regret that we record a drop of some 3,000 in the attendance figures. The returns are as follows:

First attendance: 15th — 27th May: Europeans 9,089; Coloured People 8,165; Natives 205; Total 17,459.

Second attendance: 25th July—5th August: Europeans 7,840; Coloured People 6,394; Natives 224; Total 14,458.

I have been asked again to emphasise the importance of taking all three the courses of oral vaccine.

## THE HUNDRED AND FIFTIETH ANNIVERSARY OF THE FOUNDING OF CALEDON

During September this year Caledon can look back on hundred and fifty years of its existence and the Council was very pleased to receive a letter from Mr. J. C. Pretorius, the Secretary of the Festival Committee, in which he refers to old ties that have existed between Caledon and Stellenbosch, and mentions that the people of Caledon were in the old days referred to as the "Stellenboschers van over de berg." The Hundred and Fiftieth Anniversary Festival Committee of Caledon suggests that Stellenbosch be linked up with the festival by arranging for a torch to be carried from Stellenbosch to Caledon. The Council has accepted, with acclamation, the suggestion that on the 5th September a suitable function be arranged at the Town Hall from where the first torch bearer will start his run. The Council has decided to give its full support to the proposals which also include the co-operation of students of the University.

## PLATFORM AT STELLENBOSCH STATION

Correspondence with the Railways requesting that the platform at Stellenbosch Station be extended and that it be raised for the convenience particularly of elderly passengers, has been carried on since April, 1956. Whereas the proposal was regarded with sympathy by the Railways Administration, the ultimate decision was to the effect that the improvements could not be proceeded with because all available funds had to be used for increased haulage for the Railways. This was the state of affairs in 1960, but the Council will do its utmost to achieve the improvements and will not lose sight of the matter.

## OUR CEMETERIES

The Council has devoted considerable time to an investigation of the present position as there was no doubt that the cemeteries of the Dutch Reformed Church and those of some smaller congregations would need additional space. There were two possibilities, namely to provide additional grave space

in the vicinity of the existing cemeteries, or to establish new cemeteries at another place or at various places. The Council has judged that at this stage extensions should take place at Papegaaisberg, if possible in a manner which would preserve the cemeteries as units and not scatter them more than is unavoidable. At the same time, so the Council has decided, possible and suitable new sites will be kept in mind which would fit in with the general scheme of development and extension of Stellenbosch.

The layout for the proposed extensions at the existing cemeteries at Papegaaisberg, which was submitted, has found favour with the Council. It envisages a different type of development of the land which is to be made available by taking into consideration contours and easy accesibility for vehicular traffic and also by providing more of a park-like effect, thereby creating a beautiful area where our people can find their last resting place.

**COLOURED LABOUR BUREAU:**

I am glad to be able to report that progress is being made in our negotiations with the Department of Labour, so that the service may be expected to operate one of these days.

---

18 Augustus 1961.

**GROEPSGEBIEDE**

Volgens 'n mededeling wat deur die Voorsitter van die Groepsgebiederaad aan ons gemaak is, is die voorstelle vir Stellenbosch tans in die hande van die Administrateur. Indien dit so is, verteenwoordig dit aansienlike vordering en moet slegs die betrokke Minister nog sy goedkeuring daaraan heg voordat proklamering kan geskied. Daar bestaan dus alle hoop dat die groepsgebiede vir Stellenbosch nog vanjaar bekend sal wees.

**BEHUISINGSAKE**

By geleentheid van ons onlangse besoek aan Pretoria is 'n onderhoud met die voorsitter en lede van die Nasionale Behuisingskommissie gevoer oor die behuisingslening waarvoor Stellenbosch aansoek gedoen het. Die kwessie van die tipe en grootte huis wat gebou behoort te word en die koste wat dit sal meebring, is breedvoerig bespreek en dit het geblyk dat daar nogal heelwat meningsverskil tussen lede van die Kommisie en ons bestaan het oor sekere van die aangeleenthede. Ons het die noodsaaklikheid van 'n sub-ekonomiese lening om huise vir ons minder gegoede Kleurlinge te bou, beklemtoon, terwyl die voorsitter van die Kommissie daarteenoor verklaar het dat dit eintlik beleid is om sover moontlik alle behuising-

skemas op 'n ekonomiese grondslag te plaas. Die voorsitter het belowe om Stellenbosch eersdaags te besoek en hy word nou teen die einde van die maand verwag wanneer die behuisingsbehoeftes van Stellenbosch as 'n geheel met hom bespreek sal word.

## PHILLIMORE IVES-KUNSMUSEUM

Daar is tevore vermeld dat die erfgename van die oorspronklike skenkers van die skilderye en ou meubels, die Raad meegedeel het dat hulle van plan was om die skenking terug te neem. Hierop het 'n bespreking in die Raad gevolg en is daar besluit om die saak te laat oorstaan tot na die terugkeer van rdsl. G. C. Osler.

Intussen het rdsl. Osler verslag gelewer in verband met 'n onderhoud wat hy in Engeland met die heer Claude Phillimore gehad het, en die Raad het ook verdere briefwisseling oor die saak voor hom gehad. In die lig van al die feite is besluit om die posisie soos dit nou ontwikkel het, te aanvaar. Daarmee het die gordyn nou gesak oor 'n kunsversameling wat sowat 10 jaar in ons dorp gehuisves was en talle besoekers gelok het.

'n Brief van dank en waardering is reeds aan die eienaars gestuur. Die toekomstige gebruik van die gebou sal nou die aandag van die Museum-komitee geniet.

## MEV. D. F. DU TOIT

Ons het met leedwese verneem van die onlangse heengaan van mev. D. F. du Toit. Daarmee is 'n vrugbare lewe wat gewy is in diens aan die gemeenskap van Stellenbosch, beëindig. Mev. Du Toit se egegnoot, wat haar lank gelede ontval het, was jarelank Stadsraadslid en het ook die dorp as burgemeester gedien. Hy het hom onder andere sterk beywer vir die oprigting van die Stellenbosse Sanatorium wat in 1935 voltooi is en deur hom geopen is.

Na sy heengaan het mev. Du Toit voortgegaan om onskatbare dienste aan die inrigting te lewer. Sy was dan ook vir meer as 20 jaar lid van die dameskomitee van die Sanatorium, en het ook as voorsitster opgetree.

Ons bring graag dankbare hulde aan die nagedagtenis van dr. en mev. Du Toit vir alles wat hulle vir Stellenbosch gedoen en beteken het.

W. C. DEMPSEY



PRO EC.